



Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

BYVOEGMIDDELS BEHOORT NIE GEBRUIK TE WORD OM SWAK TOEDIENINGS REG TE STEL NIE

Byvoegmiddels is effektiwiteit-regstellende produkte en dit behoort gebruik te word indien dit op gewasbeskermingsprodukte (GBP) se etikette aanbeveel word. Dit sal die effektiwiteit oor 'n wye reeks van toestande verhoog en stabiliseer.

Byvoegmiddels word egter soms as 'n noodmaatreël gebruik om effektiwiteit te verhoog of om fitotoksisiteit te verlaag, wanneer alle ander riglyne verontagsaam word. Die gebruik van byvoegmiddels is nooit bedoel om swak aanbevelings en toedienings reg te stel nie! In die onderstaande bespreking gaan die slaggate van die gebruik of nie-gebruik van byvoegmiddels as 'n laaste uitweg, bespreek word.

Fitotoksisiteit

Die gewenste resultaat van enige toediening is om genoegsame effektiwiteit te bewerkstellig sonder om enige gewasskade te veroorsaak. Dit is gewoonlik die uitslag met die oorgroter meerderheid van toedienings. In sekere gevalle word die verkeerde toedienings, met die potensiaal vir gewasskade, egter uitgevoer. Dit sluit gewoonlik meervoudige komponente in die spuitmengsel in, met 'n reeks van moontlike reaksies wat dalk kan gebeur. As 'n voorsorgmaatreël word die byvoegmiddel dan as 'n gewasskade-beperkende strategie weggelaat. Die weglating van 'n byvoegmiddel as 'n fitotoksisiteit-beperkende maatreël is verkeerd, omdat dieselfde mengsel sonder die byvoegmiddel, nog steeds onder sekere omgewingstoestande gewasskade sal veroorsaak. Hou eerder in gedagte dat die betrokke mengsel heelwaarskynlik die potensiaal het om gewasskade te veroorsaak, indien 'n byvoegmiddel gebruik word of nie.

Effektiwiteit

Die effektiwiteit van 'n toediening bepaal die uiteindelijke plaag- of onkruidbeheer. In sekere gevalle, wanneer potensieel antagonistiese tenkmengsels toegedien word, word nie-aanbevole byvoegmiddels soms as 'n laaste uitweg gebruik om effektiwiteit te verseker.

Dit is nie 'n goeie praktyk nie omdat byvoegmiddels nie bedoel is om die effektiwiteit van hoogs antagonistiese tenkmengsels reg te stel nie. Die antagonisme sal heelwaarskynlik nog tot 'n mate voorkom, met of sonder die gebruik van 'n byvoegmiddel! In die minderheid gevalle, wanneer tenkmengsels nie uitermatig antagonisties is nie, mag byvoegmiddels wel 'n rol speel. Indien tenkmengsel komponente egter baie antagonisties is, sal geen byvoegmiddel goed genoeg wees om effektiwiteit te herstel nie. Dit is daarom belangrik om byvoegmiddels as effektiwiteit-regstellende produkte te gebruik, en nie as wondermiddels wat al die nadele van swak toedienings sal oplos nie.

Villa se mening

Villa het nog altyd daarna gestreef om te verseker dat die mees effektiewe byvoegmiddel vir 'n spesifieke GBP of tenkmengsel situasie aanbeveel word. Byvoegmiddels is egter nooit bedoel om swak toedienings aan te spreek nie. Byvoegmiddels is nie ontwerp om hoogs antagonistiese tenkmengsels reg te stel nie. Die weglating van byvoegmiddels uit potensieel fitotoksiese tenkmengsels behoort ook nie 'n strategie te wees om gewasskade te voorkom nie. Byvoegmiddels behoort dus net volgens voorskrif gebruik te word indien dit op GBP etikette aanbeveel word. Oneffektiewe of potensieel fitotoksiese spuitmengsels het 'n kans om te misluk, met of sonder die gebruik van byvoegmiddels. Slegs indien byvoegmiddels reg aangewend word, sal hulle die korrekte rol van effektiwiteit-regstellende produkte vervul. Hou dus by GBP aanbevelings in die verband.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za